

Vrydag 19 April (Goeie Vrydag)

Skrifgedeelte: Psalm 22:1-32

Fokusgedeelte: Psalm 22:2, 12, 20)

Ek glo onwrikbaar in my God, al is Hy skynbaar afwesig

Dit is bekende woorde. Woorde wat ons seker dikwels al ook gesê het. Ons leef immers in 'n gebroke wêreld, vol lyding en vol vyandskap. 'n Wêreld waarin dit lyk of God afwesig is. En wat nou? Waarheen nou? Dawid bly glo onwrikbaar in God, al is Hy skynbaar afwesig. God bly vir hom die Bron van krag.

Dawid was blykbaar dodelik siek en daarby ernstig vervolg. Sy allergrootste smart is die onbegryplike ervaring dat sy God hom verlaat het en geen antwoord gee op sy onophoudelike geroep nie.

Dawid se lewe was nou minder werd as dié van 'n wurm. Sy menswaardigheid is deur die spot en woede van die vyande weggeneem. Hy is siek, maar hy bly vertrou op God – maar juis dit lei tot die spot van die vyande, want sy toestand verander nie.

Sy gebed was egter nie tevergeefs nie. Die Here het hom geantwoord. Daarom prys die digter God in die gemeente en roep hulle ook op om dit te doen. God het deur sy redding van die digter bewys dat Hy uitkoms gee aan die hulpelose wat op Hom alleen vertrou.

Die mensdom van vandag, soos Dawid destyds, worstel met die probleem dat dit lyk of God *ver bly staan* in die ontsettende nood van die wêreld. Waar is God in die verskriklike lyding van mense met liggaamlike en persoonlike afwykings? Hoekom gryp Hy nie in in die chaostoestande waar haat, naywer en 'n losbandigheidsgees lewens, gesinne en 'n volk verwoes nie? Is God dood? Weet Hy nie wat aangaan nie?

Jesus Christus het die Godverlatenheid in sy volle vrag gedra, sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie. Meer as Dawid wat kon terugkyk op God se bemoeienis met sy verbondsvolk, kan ons terugkyk op God se bemoeienis met ons in Jesus Christus. Hy het die volle lydensbeker gedrink. Deur sy lyding en Godverlatenheid het Jesus dit moontlik gemaak dat God altyd by my is, ondanks die skynbare verlatenheid wat daar soms in my lewe is.

Sing: Skrifberyming 5-1:4, 5

Dr. TC de Klerk (Theuns) (Emeritus)